



WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INOUGURELE REDE NR. 199

**Jesus se onderrig van die *Torah* in die Bergrede as model vir ons
navorsing en onderrig van die Nuwe Testament**

Prof Francois P Viljoen

Intreerede gehou op 14 September 2005

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Registrateur
Noordwes-Universiteit
2520 POTCHEFSTROOM

Kopiereg © 2005 NWU

ISBN 1-86822-502-X

Prof. dr. Francois P. Viljoen
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale
Fakulteit Teologie
Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus)
E-pos: sbbfpv@puk.ac.za
14 Oktober 2005

Jesus se onderrig van die *Torah* in die Bergrede as model vir ons navorsing en onderrig van die Nuwe Testament

Die Wet (en Profete en Geskrifte) ontwikkel tot 'n twispunt

Die uitdrukking “Wet en Profete” (of Wet, Profete en Geskrifte) was vir Jode in die tyd van die Nuwe Testament die manier om van hulle “Bybel” (Joodse Bybel) te praat. Die Wet (*Torah*) is as die kern van Jahwe (die HERE, die Verbondsgod) se openbaring beskou.

Die *Torah* het 'n sentrale plek in die godsdienst en samelewing ingeneem, maar juis daarom het dit 'n onderwerp geword waaroor baie verdeeldheid ontstaan het. Die rede was nie dat mense die *Torah* nie ernstig opgeneem het nie, maar juis omdat dit hulle oogmerk was om die bepalings van die wet so goed moontlik na te kom. Dit het dikwels tot heftige debatte met opponerende standpunte gelei oor wat die *Torah* in praktyk beteken het. Elke groep se aanspraak daarop dat hulle die bepalings van die *Torah* reg verstaan en daarvolgens lewe, het onderliggend geïmpliseer dat ander groepe dit nie gedoen het nie. Dunn (2003:292) maak in die verband die volgende stelling: “In such polemic the need for a group to find in the Torah its own self-affirmation had the inevitable corollary of making the Torah an instrument by means of which one group condemned another”.

Ek merk 'n ooreenkoms tussen hierdie spanning in die tyd van die Nuwe Testament en van die spanning wat ons vandag ook binne ons kerke en Teologie ervaar. In sommige kringe word baie besonderhede van die Bybel op grond van kritiese oorwegings gerelativeer. Dit is egter nie die saak wat ek in my rede wil aanspreek nie. My fokus is op spanning binne kringe wat die kanonieke teks gesagvol beskou en dienooreenkomstig dit met die grootste erns ondersoek. Binne hierdie kringe ontstaan daar dikwels ernstige meningsverskille oor die juiste interpretasie (verklaring en praktiese toepassing) van bepaalde tekste. Hierdie debatte het merkbare effek op Teologiese onderrig, navorsing en kerklike bediening.

Judaïstiese eksklusivisme

Die spanning (en eksklusivisme) in die Joodse samelewing van destyds is verhoog deur die politieke omstandighede waaronder hulle geleef het. Hulle is oorweldig deur die heersende Hellenistiese (Griekse) kultuur en hulle was

politie onderwerp aan die Romeinse Ryk. Die gevolg is dat die Jode geworstel het om hulle identiteit te behou. Dit het daartoe gelei dat die Jode probeer het om hulle van enige vreemde invloede af te sonder. Die sinagoge het as saamtrepunt vir die behoud van eie (eksklusiewe) waardes gedien (Knight, 2004:11). Dit was juis op hierdie punt dat die onderskeid tussen Judaïsme en Israel duidelik geword het. Die Judaïste het die *Torah* gebruik om Joodse eksklusiwiteit te verseker. Die term "Judaïsme" is aan hierdie tendens gekoppel. Die Judaïsme het 'n sterk nasionalistiese en eksklusiewe karakter ontwikkel waarbinne daar nie plek was vir andersdenkendes en nie-Jode nie (Dunn, 2003:292).

In teenstelling met hierdie eksklusivisme, was die geloofsgemeenskap waarbinne die Matteus-evangelie ontstaan het, oortuig van hulle sendinggroeping na nie-Jode. Die meeste navorsers aanvaar dat hierdie Evangelie in Antiochië geskryf is, die stad waar die volgelinge van Jesus vir die eerste keer "Christene" genoem is (Hand. 11:26). Antiochië is ook die stad wat bekend gestaan het as die eerste sendende gemeente, deurdat hulle vir Barnabas en Paulus uitgestuur het op hul eerste sendingreis (Hand. 13). Hierdie sendingbewustheid teenoor die Joodse neiging tot eksklusivisme blyk duidelik uit die beklemtonings wat die outeur in die Matteus-evangelie plaas (Versteeg, 1980:21-27):

- Die Evangelie begin met die geslagsregister van Jesus met die ongewone insluiting van name van heidense vroue (Matt. 1); die besoek van die wyse manne uit die Ooste teenoor die vyandskap van Herodes en die Joodse godsdienstige leiers (Matt. 2); en die kindermoord en vlug uit Betlehem na 'n veilige hawe in Egipte (Matt. 2).
- Die gedagtegang van die Evangelie ontwikkel rondom die tema dat Jesus na sy eie mense kom om hulle te verlos (Matt. 1:21), maar dat Hy nie deur hulle aanvaar word nie.
- Israel se bevoorregte posisie word beklemtoon deurdat Jesus die twaalf aanvanklik net na Israel stuur (Matt. 10).
- Terwyl die vyandigheid van die Jode teenoor Jesus opbou, erken die Kanaänitiese vrou dat Jesus die Here is (Matt. 15).
- Die skrifgeleerdes en Fariseërs verwerp Jesus en Jesus lewer die ontsettende Klaagredes teen die skrifgeleerdes, Fariseërs en Jerusalem (Matt. 23).
- Die Romeinse offisier en soldate by die kruis erken: "Hierdie man was werklik die Seun van God" (Matt. 27:54).
- Die Romeinse wagt berig dat Jesus uit die dood uit opgestaan het, terwyl die priesterhoofde saam met die familiehoofde hulle 'n groot som geld aanbied om te beweer dat Jesus se dissipels sy liggaam gesteel het (Matt. 28:11-15).
- Die Evangelie eindig klimakties met die sendingopdrag: "Gaan dan na al die nasies toe ..." (Matt. 28:18-20).

Hierdie sendingoortuiging van die Matteus-gemeenskap het tot groot spanning met die sinagoge gelei wat Joodse eksklusiwiteit wou handhaaf (Repschinski,

2000:27). Hierdie geloofsgemeenskap het grootliks uit Christene uit die Jode bestaan. Terwyl hulle aanvanklik probeer het om goeie betrekkinge met die sinagoge te handhaaf, het hierdie konflik tot 'n breuk tussen die Matteus-gemeenskap en die Judaïsme van die sinagoge gelei.

'n Krisis eis dat opnuut gevra word na die betekenis van die *Torah*

Daar word algemeen aanvaar dat die teks van die Matteus-evangelie voltooi is na die afgryslieke gebeure van 70 n.C. toe die Romeine uit reaksie op die Joodse opstand Jerusalem en die tempel verwoes het en daarmee saam die priesterdiens tot niet gemaak het. Die Jode het geworstel met die vraag of die verwoesting van Jerusalem God se straf op hulle sonde was. Voorts het hulle gevra hoe hulle God se wil met sekerheid kon ken, sodat hulle in die toekoms 'n soortgelyke tragedie kon voorkom. Dit het daartoe gelei dat die Jode die *Torah* met groter erns ondersoek het, dat belangrike teologiese begrippe ingrypend herformuleer is en godsdienste praktyke hersien is. In die post-70 era het die verskillende Joodse groepe intens gedebatteer oor die betekenis en praktiese implikasie van die Skrifte en oor die gesag wie dit mog interpreteer (Carter, 2000:140).

Matteus het verklaar dat Jesus die antwoord gebring het. Matteus gee die woorde van Jesus weer: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde ... leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt. 28:18-29). Jesus het die gesag om die Skrifte te interpreteer. Sy uitleg bied die antwoord op hoe die Skrifte verstaan moet word.

Aantygings oor Jesus-volgeling se interpretasie van die *Torah*

Matteus het blykbaar gereageer op Joodse aantygings dat die navolgers van Jesus die *Torah* misken of inhoud daarvan verdraai het (Loader, 1997a:167). Daarom gee Matteus besonder aandag aan Jesus se verstaan van die *Torah*. 'n Besondere fokus op die *Torah* kom in die Bergrede (Matt. 5-7) voor. Matteus beklemtoon die woorde van Jesus in Matteus 5:17-20. Dit is materiaal wat uniek is aan Matteus (Matteus *Sondergut*):

"Moenie dink Ek het gekom om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry. Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie (*jota* of *tittle*) van die wet (*Torah*) sal wegvall voordat alles voleindig is. Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooue ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel. Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie".

Moule (1982:69) skryf oor hierdie verse: "which sounds like extreme legalism is better interpreted as a defense against anti-Christian Pharisaic allegations that Christianity lowered moral standards". Die outeur skryf in die pynlike situasie van 'n Jood wat 'n volgeling van Jesus en sy leringe geword het, maar juis daarom in

konflik kom met die gangbare opvatting van die Judaïsme. Hierdie spanning hou waarskynlik verband met die invoering van die *Birkath ha-Minim* in die sinagogale erediens (Burrige, 1994:91; Neusner, 1972:313-327). Die sogenaamde *Birkath ha-Minim* was 'n gedeelte uit seëninge en vervloekings wat die Jode drie keer per dag in die sinagoge moes opsê (cf. France, 1998:85):

"Laat die Nasareners (volgelingen van die Man van Nasaret) en *minim* (kettere) in een oomblik vergaan, en laat hulle name uit die boek van die lewe gewis word, en laat hulle nie saam met die regverdige opgeteken wees nie".

Die invoering van hierdie liturgiese element in die sinagoge het vanselfsprekend 'n ernstige invloed op die verhouding tussen Jode en Christene gehad (Horbury, 1982:19-61). Die Matteus-gemeenskap het geworstel om hierdie pynlike vyandigheid teenoor hulle te hanteer. Die Evangelie moes die lesers wat hulleself vervreemd gevoel het van die Joodse gemeenskap help om die gebeure van Jesus in die verlede te verstaan en koers vir die toekoms aan te dui (Carter, 2000:33).

Jesus se interpretasie van die *Torah* as ideaal voorgelou

Dit was vir Matteus veral belangrik om die oortuiging te verdedig dat Jesus die regte interpretasie van die *Torah* gebied het. Jesus se verhouding tot die *Torah* vorm 'n kernmotief in die Evangelie. Davies (1963:102) skryf: "Matthew has draped his Lord in the mantle of a teacher of righteousness". Jesus se verhouding tot die wet kom uitgebreid aan die orde in die Bergrede, veral in Matteus 5:17-48. "The single most important passage in determining the relationship between Jesus and the law is undoubtedly Matthew 5:17-48" (Moo, 1984:17).

Wanneer 'n navorser oor Matteus se aanbieding van die verhouding tussen Jesus en die *Torah* handel, is dit belangrik om sy benadering tot hierdie teks te kwalifiseer. Die Evangelie is 'n vertelling van historiese gebeure in verhaelvorm (narratief) waardeur 'n appél tot geloof (kerugmaties) in Jesus as Here gemaak word (du Toit, 1980:5 e.v.). Die skrywer selekteer stof en bied dit as deel van sy argument aan. Sommige teoloë beweer egter dat die outeur historiese inligting doelbewus verdraai of selfs versin het om sy argument te pas. 'n Onderskeid word dan gemaak tussen "Historie" (in Engels as "historical" weergegee om na rou historiese data te verwys) en "Geschiede" (in Engels "historic" "waar die besondere betekenis van Jesus beskryf word) (Dunn, 2003:49). Die uiterste van hierdie benadering loop uit op 'n skeiding tussen die "historiese Jesus" (die mens wat werklik in Palestina geleef en gewerk het) en die "verkondigde Christus" (soos wat die vroeë kerk Goddelike en Verlossende eienskappe by nabaat aan Hom toegedig het) (vgl. Viljoen, 2002:555-572). Met Histories-Kritiese ondersoeke word dan bepaal watter dele van die Evangelies getroue historiese weergawes bied van wat Jesus gedoen of gesê het, en watter dele eintlik deur die skrywer of sy gemeenskap of skool geskep is. Van die kritiese navorsers (bv. die "Jesus Seminar" wat in die VSA gebaseer is) beweer daarom ook dat die Bergrede nie teruggaan tot die historiese Jesus nie, maar dat die rede eintlik

deur die Matteus-gemeenskap geskep is. Sulke navorsers is ook geïnteresseerd in die vertelde Jesus se verhouding tot die *Torah*, maar die fokus sal dan wees om te bepaal hoe die outeur daardeur sy eie belange bevorder. Sommige navorsers beweer dat Matteus (of die geloofsgemeenskap waarbinne hy geleef het) self hierdie verhaal geskep het om Paulus se "gemakliker" standpunt oor die wet verkeerd te bewys (vgl. Bruce, 1983:43; Mohrlang, 1984:2-47). Dit impliseer dat die woorde nie van die historiese Jesus afkomstig is nie, maar van mense wat nie van Paulus gehou het nie. Ek gaan egter van die veronderstelling uit dat die vertelling van die Bergrede wel op historiese gebeure en woorde van Jesus van Nasaret gebaseer is, hoewel dit in 'n vertelde en argumenterende vorm aangebied word. Matteus beklemtoon daarom sekere aspekte van Jesus se bediening en prediking as deel van sy argumentasie in sy evangelie.

Volg Jesus die "konserwatiewe" benadering?

Navorsers is nie eenstemmig oor Jesus se interpretasie van die *Torah* nie. Tradisioneel is daar op grond van Matteus 5:17-19 (geen *jota* of *tittel* van die *Torah* mag wegval nie) aanvaar dat Jesus die wet volledig onderhou het in sy onderrig en lewe (Ridderbos, 1960:314). Hy het egter die eise van die wet versterk deur "Toraversharfung" op grond van sy direkte kennis van die wil van God (Kümmel, 1934:121-127). Hoewel hierdie "konserwatiewe" benadering veilig lyk, is so 'n beskouing nie probleemloos nie. Trouens, wanneer 'n mens die teks binne sy konteks lees, word so 'n "konserwatiewe" benadering moeilik houdbaar.

Die eerste (en heel direkte) probleem is dat Matteus 5:17-20 gevolg word deur wat algemeen bekendstaan as "ses antitesesse" (teenstellings) in 5:21-48¹:

- Matteus 5:21: Moses het moord verbied (Eks. 20:13; Deut. 5:17).
Matteus 5:22: Jesus verbied woede.
- Matteus 5:27: Moses het owerspel veroordeel (Eks. 20:14; Deut. 5:18).
Matteus 5:28: Jesus veroordeel owerspelige gedagtes.
- Matteus 5:31: Moses het egskeiding toegelaat (Deut. 24:1-4).
Matteus 5:32: Jesus beperk hierdie toelating.
- Matteus 5:33: Moses het reëls gegee oor die aflê van 'n eed (Lev. 19:12).
Matteus 5:34: Jesus bepaal dat geen eed afgelê mag word nie.
- Matteus 5:38: Moses beveel die beginsel aan van "'n oog vir 'n oog, tand vir 'n tand" (Eks. 21:24; Lev. 24:20; Deut. 19:21).
Matteus 5:39: Jesus ontken die toepassing van hierdie beginsel vir persoonlike dispuete.
- Matteus 5:43: Moses verlang liefde vir jou naaste (Lev. 19:18).
Matteus 5:44: Jesus verwag liefde vir jou vyand, wat liefde vir almal impliseer.

¹ Hoewel dit gebruiklik is om hierdie ses stellings van Jesus "antitesesse" te noem, impliseer hierdie benaming reeds 'n aanname. Die grammatika laat drie nuanses vir vertaling toe: "julle het gehoor, maar Ek (in teenstelling daarmee / bykomend daartoe / in ooreenstemming daarmee) sê vir julle".

Hierdie teenstellings word telkens ingelui met variasies van die formule "Julle het gehoor dat daar gesê is (5:21, 27, 31, 33, 38, 43) gevolg deur "maar Ek sê vir julle" (5:22, 28, 32, 34, 39, 44). Jesus was dus allermins "konserwatief", in elk geval nie in terme van die uitleg van die *Torah* waaraan sy gehoor gewoond was nie (France, 1998:192). "It is plain that the antitheses are not directed primarily against the Old Testament itself, but against the interpretation of it in the Rabbinate" (Barth, 1963:93).

Sommige verklaarders beweer dat Jesus die bepalings bloot moeiliker gemaak het. Przybylski (1980:81) se verklaring is dat 'n mens Jesus se antitesesse moet verstaan as die toepassing van die destydse Rabbynse beginsel dat 'n heining om die *Torah* gespan word. Hierdie hermeneutiese beginsel het behels dat 'n reeks strenger bepalings rondom die wet gemaak word. Sou 'n mens dalk die moeiliker bepaling oortree, het hy darem nog nie die eintlike bepaling oortree nie (Moore, 1970:259). As 'n mens hierdie Rabbynse beginsel op Matteus 5:21-26 van toepassing maak, impliseer dit dat as 'n mens nie vir jou broer kwaad word nie, jy hom beslis nie sal doodmaak nie. Przybylski (1980:82) se konklusie is dan "the logical antidote to the practice of the relaxing of the commandments would be to make a fence around the *Torah*".

Hierdie argument klink oortuigend by die eerste, tweede en vierde antitesesse. In die geval van die derde, vyfde en sesde antitesesse is dit egter moeiliker houdbaar (Bornkamm, 1971:16; Strecker, 1971:146). Meier redeneer Jesus se onderrig oor die *lex talionis* (wet van vergelding - vyfde teenstelling) "perhaps (is) the clearest and least disputable case of annulment in the antitheses" (Meier, 1976:157).

Ook wanneer 'n mens verder in Matteus lees, stuit jy voor die probleem dat Jesus nie altyd volgens gangbare voorskrifte van die Joodse gemeenskap opgetree het nie. Jesus se beskouings en optrede met betrekking tot die Sabbat (12:1-21), vas (9:14-17); reinheid (15:10-20), egskeiding (19:1-12) en sy verhouding met tollenaars en sondaars staan in skerp kontras met die wetlike norme van sy dag (Moo, 1984:15). Dit was trouens die handhawing van reinheidsgebruike, voedselwette en die Sabbat wat destyds hoogs plofbare temas was (Dunn, 2003:292). Dit was juis Jesus se hantering van hierdie wetlike bepalings wat daartoe aanleiding gegee het dat die Jode hulle toenemend teen Hom verset het. Jesus se benadering was nie "konserwatief" volgens destydse verklaring en toepassing van die wet nie (Loader, 1997b:82).

Jesus het gekom om die verwagtings van die *Torah* te vervul

Op grond van Matteus 5:17 is dit wel duidelik dat Jesus nie gekom het om die wet tot niet te maak nie. 'n Mens moet egter fyn daarop let dat Matteus as teenoorgestelde van "tot niet maak" nie skryf dat Jesus die wet kom "bevestig" of "afdwing" nie, maar kom "vervul". Vir Matteus is dit baie belangrik om by sy

lesers tuis te bring dat Jesus die vervulling van alle Ou-Testamentiese verwagtings is (France, 1998:196). Jesus se koms is in werklikheid die vervulling van alle verwagtings van die *Torah* (Ladd, 1993:123). Patte (1987:73) beskryf die vervulling van die *Torah* as Jesus se eintlike roeping. Banks (1974:226) maak die treffende stelling: "it is not so much Jesus' stance towards the Law that he (Matthew) is concerned to depict: it is how the Law stands with regard to him, as the one who brings it to fulfillment and to whom all attention must now be directed". Jesus se interpretasie van die *Torah* dring deur tot 'n dieper vlak van die verstaan daarvan. Die voortgaande geldigheid van die *Torah* bestaan slegs in en deur Jesus (Meier, 1976:88).

Dit is waarom Matteus so gereeld met betrekking tot Jesus se lewe en werk die frase gebruik: "sodat vervul sou word" (vgl. Menken, 2004:2). Met uitsondering van ses keer wat die uitdrukking in die Johannes-evangelie gebruik word, kom dit nie in ander Joodse of Christelike literatuur voor nie. France (1989:167) benoem hierdie vervullingsituasie as die "special trademark" van die Matteus-Evangelie.

Jesus die nuwe Moses

Die vraag is hoe Jesus te werk gegaan het om die wet te vervul. Die antwoord lê blykbaar in die Sinai-tipologie wat Matteus gebruik. Matteus beskryf Jesus as die nuwe Moses (cf. Allison, 1993:137-270). Vanaf die begin van die Bergrede is die Sinai-tipologie opvallend (Loader, 1997a:165; Versteeg, 1980:18). Die Bergrede begin met 'n sinspeling op die wetgewing deur Moses by Sinaï (Matt. 5:1-2):

"Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom, en Hy het hulle geleer en gesê ...".

Hierdie woorde skep die verwagting van 'n nuwe openbaring wat deur 'n nuwe Moses gelewer sou word (Floor, 1969:34). Aan hierdie verwagting word voldoen deurdat Jesus in die Bergrede uitbrei op die Dekaloog (10 gebooië). Jesus is die nuwe Wetgewer.

In die Judaïsme was dit bekend dat die Moses-karakter op latere wetgewers en leraars oorgedra kon word (vgl. Eseg. 36 en 4 Esra). 'n Skrifgeleerde sou benewens die ou openbaring van die wet by Sinaï ook nuwe aanvullende bepalings ontvang (Allison, 1993:185). Die verwagting het bestaan dat 'n bepaalde persoon as leraar en openbaarder (as 'n nuwe Moses) sou kom. Matteus argumenteer dat Jesus die verwagte nuwe Moses is.

Deur die loop van die Bergrede word die posisie van Jesus as nuwe Moses telkens beklemtoon deur die herhaling van Jesus se woorde: "Maar Ek sê vir julle" en "Amen". Matteus skryf ook dat die skare verbaas was oor Jesus se onderrig, "want Hy het hulle geleer soos 'n man met gesag en nie soos die skrifgeleerdes nie" (Matt. 7:28-29). Jesus se interpretasie en onderrig van die *Torah* styg ver uit bo die van die skrifgeleerdes (Van der Walt, 1997:74).

Matteus stel Jesus ook bekend as die Messias. Hy is die vervulling van eskatologiese verwagtings. Gevolglik interpreteer Matteus die Messias se onderrig as die eskatologiese wet (*Torah* van die eindtyd) waaraan die eerste wet (*Torah*) gemeet moet word. Om Jesus met die Messias te identifiseer, vloei logies uit talle tekste waarin die verwagting beskryf is van 'n nuwe eskatologiese figuur wat eskatologiese instruksies sou bring:

"Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak ..." (Jes. 42:1-4).

"Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur ..." (Jes. 61:2-3).

(Vgl. ook Num 24:17, Deut. 18:18-19; Jes. 52:7; en Dan. 9:25).

Jesus is volgens Matteus hierdie verwagte Messias van die eindtyd (vgl. Matt. 12:17-21: "So is vervul wat die Here deur die profeet Jesaja gesê het: 'Hier is my Dienaar wat Ek aangestel het ...'"). Ook Johannes beskryf so 'n Messiaanse verwagting. Die Samaritaanse vrou bely haar geloof: "Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak" (Joh. 4:25).

Rabbynse bronne getuig van 'n verskeidenheid verwagtings oor wat met die *Torah* sou gebeur wanneer die Messiaanse tyd sou aanbreek (Davies, 1963:156-190). Daar was opvattinge dat dit onveranderd sou bly, dat onduidelike dele duidelik sou word, dat sekere offers en feeste sou ophou, dat reinheidsvoorskrifte hersien sou word en dat daar 'n nuwe *Torah* sou kom. Hierdie verwagtings verklaar Matteus se bekendstelling van Jesus as die Een wat die "messiaanse *Torah*" sou bring (vgl. Gerhardson, 1964:327). Ons kry dieselfde gedagte van 'n nuwe wet van Christus ook by Paulus: "Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus" (Gal. 6:2).

Matteus stel Jesus bekend as die een wat op die hartsgesindheid agter die bepalinge gestel is. So 'n beklemtoning was reeds bekend in die Joodse Bybel:

Psalm 40:9: "Om u wil te doen, my God, is my een begeerte, u woord is my hele lewe".

Deuteronomium 30:11-14: "Die gebod wat ek jou vandag beveel, is nie moeilik vir jou nie ... Die gebod is baie naby aan jou, jy kan daarvoor praat (in jou mond), jy ken dit (en in jou hart), jy kan daarvolgens lewe".

Psalm 37:31: "Die openbaring (wet) van sy God is in sy hart, sy koers is nie onseker nie".

Jeremia 31:31-34: "Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sluit. ... Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagtes vastê ... Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie".

Aldrie die voorspellings in Jeremia vind hulle vervulling in Matteus: Jesus die Messias het 'n nuwe verbond ingestel (Matt. 26:28 – instelling van die nagmaal), die interne dimensie van die bevel word beklemtoon (Matt. 5:21 e.v. – "Julle het

gehoor dat ... maar Ek sê vir julle”) en Jesus het sy lewe as losprys gegee vir baie (Matt. 20:28; 26:28).

Jesus wys hartelose en wettisistiese gedragspatrone af (Gnilka, 1997:213). Die skerp uitspraak van Matteus 5:18-19 is nie bedoel as 'n bloot uiterlike, letterlike en kwantitatiewe onderhouding van die wet nie, maar as 'n kwalitatiewe vervulling daarvan. Die kwaliteit word bepaal deur die hartsgesindheid waarmee die wet uitgevoer word. In sy herformulering van die stellings van die *Torah*-bepalings verbreed Jesus die fokus van die letterlike gebooie om alle gesindhede in te sluit wat moontlik tot dae aanleiding kan gee (Loader, 1997a:179). Jesus lê die verband tussen 'n mens se hartsgesindheid en sy optrede. Jesus se bedoeling is deurgaans om 'n wellewende en positiewe gesindheid tussen mense onderling, en mense en God te bewerkstellig. Hoewel Jesus hierdie fokus het, maak Hy nie ongegronde en arbitrêre aansprake nie. Jesus dring deur die voor-die-hand-liggende vraagstukke tot by die dieper vrae van motiewe en geregtigheid (Van der Walt, 1997:76). Hy weerhou Hom daarvan om die maklike uitweg te volg deur bloot oppervlakkige beslissings te fel. Hy graaf dieper in die wet in om die goddelike bedoeling in elke bepaling vas te stel (Dunn, 2003:582). Die duidelike implikasie is deurgaans dat Jesus se onderrig die ware bedoeling van die gebooie interpreteer (verklar en toepas).

God ver wag barmhartigheid en liefde

Jesus bevestig die geldigheid van die *Torah* op voorwaarde dat dit reg geïnterpreteer word. Die verskil tussen die regte en verkeerde interpretasie van die wet word saamgevat deur die dubbele verwysing na Hosea 6:6 ('n verwysing wat net in Matteus voorkom): “Ek ver wag barmhartigheid en nie offers nie” (Matt. 9:13 en 12:7). Dit is 'n teks wat die Fariseërs blykbaar nie verstaan het nie (Meier, 1979:84). “The law is to be used in order to establish one’s vocation, to discover what one should do in specific circumstances so as to fulfill God’s will, that is mercy” (Patte, 1987:168).

Sommige navorsers is van mening dat Jesus (soos Matteus Hom beskryf) die detail van die *Torah* ontwyk deur die dubbele liefdesgebod te bied as somtotaal van die wet en profete (“... Jy moet die Here jou God liefhê ... jy moet jou naaste liefhê soos jouself ...”) (Matt. 22:34-40). Matteus demonstreer egter dat die barmhartigheid en liefde van die wet hul volmaakte vervulling gevind in die Een na Wie die Wet verwys, naamlik in Jesus (Davies, 1962:31-66). 'n Engel het in 'n droom aan Josef verskyn en opdrag gegee om die kind wat Maria in die wêreld sou bring, “Jesus” te noem “want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos” (Matt. 1:21). By wyse van woordspeling is die werkwoord *sosei* (verlos) verwant aan die naam Jesus. Sodoende word die leser by die aanvang van die verhaal daarop gewys dat Jesus se lewe verstaan moet word in terme van sy

verlossende aktiwiteit². In Hom het God sy uiterste barmhartigheid en liefde aan sy volk kom bewys. Hierdie woorde van die engel in die begin van die Evangelie dien as duidelike merker vir die verdere verloop van die narratief (Repschinski, 2004:7). In en deur Jesus het die *Torah* sy volle vervulling bereik. Daarom kom Jesus se uitnodiging tot almal wat moeg en oorlaai is deur die wettisistiese manier van wetstoepassing van die skrifgeleerdes en Fariseërs (Matt. 11:28-30: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is ..."). Deur 'n persoonlike verhouding met Hom kan ons rus vind vir ons gemoed sodat ons sy juk kan opneem.

God stel aan die mens eise van barmhartigheid en geregtigheid, maar alleen omdat Hy eers sy genade en barmhartigheid aan ons bewys het. Jesus Christus het namens ons die eise van die wet kom vervul. Die eise van die wet word nie meer aan ons gestel as voorwaarde om burgers van die Koninkryk te wees nie, maar as kenmerk van mense wat anders gemaak is. Deur sy Gees gee Hy aan ons die krag om uit dankbaarheid die eise van die wet uit te leef. Dit is waarom die Bergrede nie met eise begin nie, maar met nege saligspreuke (Van der Walt, 1997:87).

Toegepas op navorsing en onderrig van die Nuwe Testament

Uit die ondersoek van Jesus se manier van onderrig is dit duidelik dat dit uniek is. As nuwe Moses het Hy met 'n soort gesag geleer en opgetree soos geen ander dit kan nadoen nie. Nogtans bied sy manier van onderrig belangrike riglyne vir teoloë wat binne Bybelwetenskappe navorsing doen en onderrig gee. Op grond van die voorafgaande beredenering, noem ek 'n aantal sake wat ek as rigtinggewend beskou.

Soos wat die Joodse Geskrifte die kern van Jesus se onderrig gevorm het, moet die Kanonieke Geskrifte die kern van ons navorsing en onderrig bly. Soos wat Jesus dit kategories gestel het dat Hy nie gekom het om die wet ongeldig te maak of om een letter of letterstrepie te laat wegval nie, moet ons die gesag van die Bybel ook eerbiedig. Ons navorsing en onderrig moet daarop gerig wees om die gesag van die Bybel te verdedig en in die praktyk toe te pas.

Vanweë my vakgebied werk ek met die Nuwe Testament met spesifieke fokus op die Sinoptiese Evangelies (Matteus, Markus en Lukas) en vraagstukke wat daarmee verband hou (bv. die Historiese Jesus en Sinoptiese Vraagstuk). Hoewel daar deur die eeue baie besin is oor hierdie deel van die Nuwe Testament, word die inhoud en boodskap in die laaste tyd heftig gedebatteer. Moeilike vrae word in die Teologie en deur lidmate gestel. Baie van hierdie kritiese vrae word gestel deur mense wat ook krities teenoor die Bybelse teks staan. Dit gebeur egter ook baie dat mense wat die grootste erns maak met die

² Dit is opvallend dat Matteus in die res van sy Evangelie die werkwoord *afiem* gebruik om na die verlossing van sonde te verwys. Matteus gebruik blykbaar *sosej* hier ter wille van woordspeling met die naam Jesus.

teks met ernstige vrae oor die interpretasie van die teks worstel. Sodanige vrae moet eerlik en billik hanteer word. Billike debatte en wisselwerking van idees oor interpretasies (verklaring en toepassing) van die tekste is gesond. Wanneer die debatte egter op 'n minderwaardige vlak gevoer word deurdat mense, wat ook erns maak met die teks maar alternatiewe standpunte stel, op 'n tradisionalistiese en oppervlakkige manier veroordeel word, fouteer ons soos die skrifgeleerdes en Fariseërs gedoen het.

Politiese, maatskaplike en teologiese verwickelinge lei dikwels daartoe dat mense stry om hulle uniekheid of eksklusiwiteit te verseker. Helaas lei dit dikwels ook tot ongesonde tradisionalistiese en selektiewe hantering van die Bybelse teks waar daar geen ruimte is vir vernuwende denke of uitreiking na ander gemeenskappe nie. Teen so 'n eksklusiwistiese houding moet gewaak en gewaarsku word.

Ontnugterings en veranderende omstandighede in die kerk en samelewing dring teoloë om opnuut te besin oor interpretasie van die Bybel. Sommige teoloë kom dan tot verregaande en ongefundeerde standpunte of verlaging van morele standaarde. Hierteen moet gestry word. Dit is egter onaanvaarbaar dat goebedoelde en weloorwoë (her)besinning uit die staanspoor met wantroue bejeën word. Daar moet gewaak word teen ongegronde bewerings dat sodanige navorsers nie erns maak met die Bybel nie of standaarde aanpas, bloot omdat van hulle bevindings nie ooreenstem met tradisionele interpretasies nie.

In die geval van weloorwoë (her)besinning oor die Bybelse teks, bied die benadering van Jesus tot die *Torah* duidelike aanwysers. Hy het die interpretasies van die dag geweeg en waninterpretasies duidelik uitgewys. Hy het deur die destydse wettisistiese en onpersoonlike toepassing van die Wet gedring deur te vra na die eintlike bedoeling daarvan in bepaalde omstandighede. Die Wet moes deurgaans daartoe dien om verhoudings te bevorder, tussen God en die mens en mense onderling. Die hartsgesindheid waarmee die Wet toegepas is, was vir Hom bepalend. Jesus het kom leer dat God nie 'n hartelose wettisistiese toepassing van 'n lys reëls en regulasies van die mens verwag nie, maar barmhartigheid en liefde. Jesus se prediking en lewe was die volmaakte uitdrukking van wat barmhartigheid en liefde behels. Christene is bevoorreg om die barmhartigheid en liefde wat Hy bied, te geniet. As sy volgelinge moet ons dieselfde gesindheid hê wat daar in Jesus Christus was. Met eie krag kan ons hierdie opdrag nie uitvoer nie, maar genadiglik gee God deur sy Gees vir ons die krag daartoe.

Alle interpretasie, navorsing en onderrig van die Bybelse teks moet daartoe dien dat ons aandag op Jesus Christus gerig word, as die Een in Wie God se boodskap sy volle vervulling kry.

AD MAIOREM DEI GLORIAM

BIBLIOGRAFIE

- BANKS, R. 1974. *Jesus and the law in the synoptic tradition*. Cambridge : University Press.
- BARTH, G. 1963. Matthew's understanding of the law. (In Bornkamm, G, Barth, G. & Held, H.J. eds. *Tradition and interpretation in Matthew*. London : SCM.)
- BORNKAMM, G. 1963. End-expectation and church in Matthew. (In Bornkamm, G, Barth, G. & Held, H.J. eds. *Tradition and interpretation in Matthew*. London : SCM.)
- BRUCE, F.F. 1983. *Hard sayings of Jesus*. Downers Grove : Intervarsity Press.
- CARTER, W. 2000. *Matthew and the Margins. A socio-political and religious reading*. Sheffield : Academic Press. (Journal for the Study of the New Testament Supplement Series 204).
- DAVIES, W.D. 1963. *The setting of the sermon on the mount*. Cambridge : University Press.
- DUNN, J.D.G. 2003. *Jesus remembered. Christianity in the making, volume 1*. Grand Rapids & Cambridge : Eerdmans.
- DU TOIT, A.B. 1980. Algemene inleiding tot die evangelies. (In Du Toit, A.B. red. *Handleiding by die Nuwe Testament, Band IV*. Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 1-30.)
- FLOOR, L. 1969. *De nieuwe exodus. Representatie en inkorporatie in het Nieuwe Testament*. Potchefstroom : PU vir CHO.
- FRANCE, R.T. 1998. *Matthew evangelist and teacher. New Testament Profiles*. Downers Grove : Intervarsity Press.
- GNILKA, J. 1997. *Jesus of Nazareth: Message and History*. ET Peabody : Hendrickson.
- KNIGHT, J. 2004. *Jesus. An Historical and Theological investigation*. London & New York : T & T Clark.
- KÜMMEL, W.G. 1934. Jesus und der jüdische Traditionsgedanke. *Zeitschrift für die neutestamentliche Wissenschaft*, 33:121-127.
- LADD, G.E. 1993. *A Theology of the New Testament*. Michigan : Eerdmans.
- LOADER, W.R.G. 1997a. *Jesus' attitude towards the Law. A study of the Gospels*. Tübingen : Mohr Siebeck (Wissenschaftliche Untersuchungen zum Neuen Testament 2. Reihe).
- LOADER, W.R.G. 1997b. *Jesus and the Fundamentalism of his day. The Gospels, the Bible and Jesus*. Melbourne : Uniting Education.
- MEIER, J.P. 1976. *Law and history in Matthew's Gospel*. Rome : Biblical Intitute Press.

- MEIER, J.P. 1979. *The vision of Matthew: Christ, Church, and morality in the First Gospel*. New York : Paulist Press.
- MENKEN, M.J.J. 2004. *Matthew's Bible. The Old Testament text of the evangelist*. Leuven & Paris : Peeters.
- MOHRLANG, R. 1984. *Matthew and Paul: a comparison of ethical perspectives*. Cambridge : University Press.
- MOO, J.M. 1984. Jesus and the authority of the Mosaic Law. *Journal for the study of the New Testament*, 20:3-49.
- MOULE, C.F.D. 1982. *Essays in New Testament interpretation*. Cambridge : University Press.
- NEUSNER, J. 1972. Judaism in a Time of Crisis: Four responses to the destruction of the second temple. *Judaism*, 21:313-327.
- PATTE, D. 1987. *The Gospel according to Matthew. A structural commentary on Matthew's faith*. Philadelphia : Fortress Press.
- PRZYBYLSKI, B. 1980. *Righteousness in Matthew and his world of thought*. Cambridge : University Press.
- RIDDERBOS, H. 1962. *The coming of the Kingdom*. Philadelphia : Presbyterian and Reformed.
- REPSCHINSKI, B. 2000. *The controversy stories in the Gospel of Matthew: Their redaction, form and relevance for the relationship between the Matthean community and formative Judaism*. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht.
- REPSCHINSKI, B. 2004. *For He will save his people from their sins ..." (Mt. 1:21). A Christology for Christian Jews*. Voordrag gelewer tydens SNTS-kongres in Barcelona.
- STRECKER, G. 1971. *Der Weg der Gerechtigkeit. Untersuchungen zur Theologie des Matthäus*. FLARNT 82. Göttingen : Vandehoeck & Ruprecht.
- VAN DER WALT, T. 1997. *Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament*. Potchefstroom : PU vir CHO.
- VERSTEEG, J.P. 1980. *Evangelie in viervoud. Een karakteristiek van de vier evangeliën*. Kampen : Kok.
- VILJOEN, F.P. 2002. Jesus sonder Christus of Christus sonder Jesus? *In die Skriflig*, 36(4):555-572.